

## SARS bemoedig deur uitslag van nuwe rigting

**Tshwane, 9 November 2021** - Die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), mnr. Edward Kieswetter, het vandag aan die parlement gesê dat SARS bemoedig is deur die gemete vordering in die herbou van SARS as 'n organisasie wat tot 'n slim, moderne organisasie transformeer.

SARS het meer as R1.55 triljoen bruto inkomste ingesamel, wat 'n netto van R1.25 triljoen van die inkomsteskatting behels, en meer as R38 miljard is as die aangepaste skatting. Uitbetaalde terugbetalings het R300.6 miljard beloop, wat R20 miljard meer is as 2019/2020.

"Ons bepaalde wetstoepassingsingrypings om nienakoming na te spoor en te ontmoedig, het R172 miljard opgelewer, wat ruimte gee om nienakomingsvlakke te verbeter oor alle belastingsoorte heen," het hy bevestig. Dit is samelopend met SARS se strategiese oogmerk wat behels om dit duur te maak vir diegene wat moedswillig nienakomend is.

Daarby is R38.9 miljard toegestaan aan Covid-19-verligtingsmaatreëls, en handeldryf ter waarde van R2.6 triljoen is gefasiliteer ooreenstemmig met die SARS-mandaat.

Hy het bevestig dat belastingnakomingsvlakke onder druk was, met 'n nakomingsvlak van 62.61%, vergeleke die vorige jaar se 65.05%. Die publieke vertrouensondersoek dui op gunstige neiging tot belastingmoraliteit, maar dit het nog nie 'n appresierende styging in nakoming getoon nie.

Hy het gesê dat die belastingbasis uitgebrei het met 1.6 miljoen belastingpligtiges wat tot die SARS-register bygevoeg is, wat gelei het tot R4.6 miljard bydrae tot die netto invorderings van die jaar onder hersiening.

"Ons strategiese oogmerk om dit maklik en eenvoudig te maak vir belastingpligtiges om hul verpligtinge na te kom, het indrukwekkende uitslae gelever: 86.3% van interaksies met SARS is deur digitale kanale soos eFiling en die MobiApp gedoen".

Die kommissaris het egter gewaarsku dat die impak en voortsleping van korrupsie en vermorsing nie gehelp het met die versterking van belastingmoraliteit in die gemeenskap nie.

"Daarby, het 83.2% van standaardbelastingpligtiges (3.4 miljoen belastingpligtiges) outo-aanslae ontvang gebaseer op derdepartydata wat aan SARS beskikbaar is. Al wat belastingpligtiges nodig gehad het om te doen, was om 'aanvaar' of 'aanpas' te klik.

"Die doeltreffendheid van hierdie kanale word ook gestaaf deur die feit dat R1.55 triljoen deur eFiling ingevorder is."

Die SARS-kommissaris het gesê dat in die doeane-ruimte, die geakkrediteerde ekonomiese operateur (AEO) program, aan 132 deelnemers voorkeurhandelaarstatus toegestaan het.

"Ingrypings aan die voorfront vir voorkeurhandelaars, het met 22% afgeneem in hierdie tydperk; 5.6 miljoen doeaneverklarings is geprosesseer in onder 10 sekondes, wat 95% van verklarings behels; terwyl inspeksietye verminder is van 109 ure na 44 ure. Doeane-beslagleggings het R2.7 miljard afgelei."

SARS se wetstoepassingspogings het ook resultate gelewer op 'n moeilike en uitdagende gebied. Hierdie pogings het gely tot die herwinning van R147 miljoen uit PPE-bedrog en 'n skuldigbevindingskoers van 96% deur samewerking met die Nasionale Vervolgingsgesag. Die organisasie werk ook saam met alle ander wetstoepassingsagentskappe, asook ander regeringsagentskappe.

Die nuutgestigte Hoënettoewaarde-individue segment het meer as 1 400 direkte briewe aan welgestelde individue geskryf en 275 is reeds hersien. Daarby, het SARS ook 26 000 ongeregistreerde belastingpligtiges nagespoor wat finansiële bates het, met ekonomiese bedrywigheid, wat R1 miljoen oorskry.

'n Fokusarea was die nakomingsvlakke van die verskeie segmente, insluitend Werkgewers, KMMO, Grootsake & Internasionaal, en Hoënettoewaarde-individue. Daarby, was nakomingsvlakke van belastingprodukte soos LBS en MIB 'n bron van kommer, en het SARS gefokusde programme onderneem om hierdie neiging aan te spreek.

Die kommissaris het gesê: "vir ons breedvoerige program om vrugte te werp ten spyte van finansiële inperkings, belê SARS 3% van sy begrote hulpbronne in sy moderniseringsprogram, sodat dit samelopend met die vinnig-veranderende tegnologiese ruimte kan bly".

Ter slotsom, het hy sy opregte dank uitgespreek teenoor SARS-personeel vir hulle onmeetbare ondersteuning in die uitvoer van die organisasie se mandaat. In dieselfde asem, het hy om verskoning gevra aan belastingpligtiges wat moontlik nie in staat was om met SARS sake te doen weens stelseluitdagings nie.

Vir meer inligting, kontak [SARSMedia@sars.gov.za](mailto:SARSMedia@sars.gov.za).